# Bid vir ons Getuienis-geliefdes

**"So kom die Gees ons ook in ons swakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie."        Romeine 8:26 AFR 20**

## Petri en Waldo Kleyn – Zambia Project



Hul motor het gebreek en word tans herstel. Die voertuig is nodig vir uitreike van Maart - Augustus. Bid ook vir Petri se "Hope Art" projek. https://hopeartafrica.com/

## Ina Steyn - Europa

Haar boek**: Hosting the King: An Ancient Strategy for the Kingdom of God in any Generation** is vertaal in Koreaans en word ook in Nigerie versprei. Bid dat die boek die regte siele sal bereik.



**Ina saam met Sameul van Duitsland**



## Rev Israel Domingo – Chimio, Mosambiek

Die gemeente is besig om 'n kerk te bou,  Bid vir die Vader se leiding. Sy gesin en hyself word ook kort kort deur siektes gepla. Bid ook vir die land wat onstabiel is na die laaste verkiesing daar.



## Etienne en Bea Basson – Love Chinese

Etienne het 'n passie om Chinese na die Here te lei. Bid asb vir hul projek om Chinese wat Christene is, na ons land te bring vir sendingwerk onder die plaaslike Chinese. Ons vra ook vir gebed vir hul weekikse reis vanaf Stilbaai om die Mosselbaai Chinese te bedien.

## Jacobus van Zyl – INcontext & dia-Logos




Hierdie jongman het ‘n passie vir Siriese vlugtelingkinders in Libanon en hoop om homself daar te vestig. Hy het ‘n opdraende stryd om visums te kry. Bid asb vir ‘n deurbraak. Hy is tans in Malawi waar hy help om videos te neem saam met sendelinge terwyl hy wag vir sy paspoort en dokumente vir Libanon. Bid ook dat sy boek die regte mense sal bereik. Hy het ook ‘n behoefte vir ‘n ordentike selfoon. Dit is nie altyd moontik om die kamera orals saam te neem nie.

## Dr Kobus van Zyl – Suid-Soedan

Dr Kobus vertrek DV 19 Maart na Suid-Soedan. Bid asb vir die uitreik en reisreëlings. Hy het ook saam met ‘n evangelis (oud student) in Suid-Soedan ‘n Bybelskool en kleuterskool begin, bid asb hiervoor.

## Paul en Toni Ferreira – Pakistan

Paul en gesin het ‘n jaar terug vanaf Nepal terug na SA te verhuis en het nou ‘n geleentheid gekry om Pakistan te bedien deur krieketafrigting, aangesien hy nie as ‘n bedienaar in die land kan vestig nie. Bid asb vir hierdie geleentheid. Hy het pas van Pakistan terug gekeer om na sy knie om te sien en sien medici in Durban in hierdie tyd. Pakistan is tans elfde op die lys van geslote lande.

**Feba Radio:** Dr Jurie Vermeulen, direkteur van Feba het gevra vir gebed waar hy tans Malawi besoek. Verder is hul ook in die finale stadium om n radiostasie in Soedan te open. Bid asb vir die finale reelings.

**Nagskuiling - Haven Shelter:** Bid vir gepaste personeel nadat 2 werkers en die bestuurder bedank het sedert Januarie 2025.

**Ons droom tans:** Tree asb in gebed vir Twinning, ‘n nuwe manier van sending, wat ons graag wil begin met NG Kerk Carnavon.